LAERSKOOL ELOFF – SKOOLREËLS

A. Etiese Reëls

1. Ons groet en respekteer mekaar te alle tye
2. Ons aanvaar die gesag wat oor ons aangestel is
3. Ons vergeet nooit ons goeie maniere nie

B. Ordelikheidsreëls

1. Ons gesels nooit in die rye of in die saal nie
2. Ons ry nooit met fietse of iets met wiele op die stoepe of die skoolterrein nie
3. Ons laat die kleedkamers net soos wat ons dit wil hê wanneer ons dit gebruik
4. Ons speel nooit in die klas nie
5. Ons speelgoed en troeteldiere los ons by die huis
6. Naweke en wanneer geen aktiwiteite deur die skool aangebied word nie, mag 'n leerling nie op die skoolterrein wees nie
7. Niemand mag tydens pouses in die klasse of op die stoepe wees sonder die toestemming van die personeel nie
8. Medikasie sal nie deur personeel aan leerders gegee word nie, dit word op eie verantwoordelikheid deur 'n leerder geneem
9. Geen vuurwapens en/of gevaarlike voorwerpe soos messe, knuppels, spelde, ens., word by die skool toegelaat nie
10. Geen sigarette, drank, dwelms of enige ander gewoontevormende middels mag in die skoolterrein gebring word nie

C. Kleredrag

1. Leerlinge moet in skoolklere skool toe kom.
2. Nuwe leerlinge mag vir eers die vorige skool se skooldrag dra totdat ander skooldrag aangekoop is.
3. In die somermaande (1ste en 4de kwartaal) mag leerlinge kaalvoet skool toe kom.
4. Wintersdrag word in die tweede en derde kwartaal gedra, behalwe wanneer die klimaat dit nie regverdig nie.
5. Skoolfunksies en byeenkomste moet in volle skooldrag bygewoon word wanneer so vereis word.
6. Wanneer skooldrag nie 'n vereiste is nie, is netjiese klere soos voorgeskryf vir die besondere geleentheid toelaatbaar, maar geen grimering nie.
7. Die kleredrag vir elke geleentheid sal betyds aangekondig word vir die geleentheid.
8. Leerlinge moet met sportbyeenkomste in die skool se sportdrag en sweetpakke geklee wees.
9. Geen anderskleurige truie/t-hemde/broeke mag onder die skoolhemp uitsteek nie.
10. Sweetpakke met swart skoolskoene kan as skooldrag gedra word.

D. Juwele

1. Geen juwele behalwe horlosies (seuns en dogters)
2. Oorringe (1cm deursnee) of klein goue knopie (stud).
   Slegs vir dogters en slegs een per oor
3. "Medic Alert" skyfies soos deur 'n dokter voorgeskryf mag gedra word
4. Slegs seëlringe vir dogters
5. Geen sigbare "bodypiercing" of tattoeëring is toelaatbaar nie

E. Geen Grimmering

F. Afwesigheid

1. Leerlinge mag nie die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming van die hoof verlaat nie
2. Daar sal ernstig opgetree word teenleerders wat sonder toestemming uit klasse is, drosters en stokkiesdraaiers
3. Indien leerling gedurende skoolure siek word of 'n doktersafspraak het, moet die ouer/gemagtigde persoon die leerder uitteken

G. Algemeen

1. Jy is te alle tye 'n ambassadeur vir ons skool, binne sowel as buite skoolure. Hou ons skool se naam hoog deur mense met respek te behandel en soos 'n Christen op te tree
2. Selfone word op eie verantwoordelikheid gedra en mag nie sigbaar wees nie. Selfone moet gedurende skoolure afgeskakel wees. Kontak met ouers of ander persone moet deur die kantoor met toestemming van die hoof geskied

HIERDIE REËLS GELD TE ALLE TYE WANNEER JY INSKOOLDRAG GEKLEE IS - AL IS DIT BUITE NORMALESKOOLURE